Hoërskool Framesby

# INLIGTINGSBOEKIE 2026





Dis lekker om 'n Framesy te is!







HANDHAAF EN BOU

# INHOUD

03 Voorwoord van skoolhoof
04 Boodskap van graadhoofde
04 Akademie
06 Kleredrag
08 Klereverskaffer
09 Sportkantoor
10 Graad 8-inburgering
11 English Home Language
12 Die Kosblik
13 Busdiens
14 Sportrooster
16 Kultuurrooster
19 Handboeke
20 Skryfbehoeftes
21 Graadfooie
22 Kaart: Grondvloer
23 Kaart: Eerste vloer
24 Personeelfoto's
29 Terrein
30 Kondisioneringsentrum
31 Framesby-foto's

# VOORWOORD - MENEER GERMISHUYS

Beste voornemende Graad 8-leerder

Baie welkom by die beste skool in Suid-Afrika!
Mag hierdie inligtingsboekie vir volgende jaar jou baie opgewonde maak.

Hoërskool Framesby betree ‘n opwindende tyd waarvan jy deel gaan wees. Mag die vyf jaar wat voorlê, die opwindendste tyd van jou lewe wees. Ons gaan lekker speel, maar ook baie hard aan die akademie werk sodat jy eendag baie suksesvol in jou beroepslewe kan wees.

Handhaaf en Bou is ons leuse. Mag dit ook vir jou waar word. Soos ek al baie kere gesê het: die toekoms van Framesby is blou en goud. Laat ons mekaar se hande vat en dit verwesenlik.

Ek bid vir jou God se rykste seën toe.
Tot ons mekaar in 2026 sien.

M. Germishuys
Skoolhoof

# BOODSKAP VAN GRAADHOOFDE

Liewe Framesby-Flitsie
Ons stel ons graag voor as jul graadhoofde vir 2026, maar ook as jul mamma en pappa hier by die skool! Glo ons asb. wanneer ons sê dat ons nie ons werk ligtelik opneem nie... en dat die res van ons entoesiastiese kollegas ook reg is om saam met julle die nuwe hoërskoolreis aan te pak! In hierdie boekie sal jy ook dan die res van die personeel ontmoet. Neem jou tyd, bestudeer elke gesig en naam. Dit sal die onbekende dalk net vir jou makliker maak!
Ons weet dit gaan dalk vir jou moeilik wees om jou laerskoolfamilie van die laaste sewe jaar agter te laat. Nie al jou vriende kom dalk saam op hierdie nuwe avontuur nie en die wie, wat, waar en hoekoms van graad 8 lê dalk soos ‘n berg voor jou.

Jy is egter vanaand hier om te hoor dat daar vir jou ‘n splinternuwe familie wag. Nie net gaan jy deel van die Framesby-familie wees nie, maar jy gaan ook deel vorm van die Framesby-Flitsies. ‘n Spesiale groep ligdraers wat saam met jou die pad gaan stap. Niemand hoef te voel dat hul in die donker rond tas nie... Jy is nou deel van geskiedenis. Deel van 2026 se graad 8 Framesby-Flitsies. Wat is ‘n Framesby-Flitsie mag jy dalk vir jouself afvra?

Dit is ‘n groep van ongeveer 300 leerders wat ‘n reis van 5 jaar saam as ‘n groep aanpak. Saam gaan hulle daarna streef om die ligdraers van die toekoms te word.
‘n Framesby-Flitsie is:
F – Fluks
L – Lojaal
I – Innoverend
T – Trots
S – Sagmoedig
I – Ingelig
E – Eerlik
S - Standvastig

Van die ouers vra ons net die volgende:
Hou asseblief gedurende die vakansie jou Framesby-Flitsie se batterye gelaai! Saam sal ons hierdie pad kan stap en lig in die onbekende tonnel vind!
Ons glo dat wanneer jou avontuur by Framesby uiteindelik verby is, dit jou wildste drome oortref het.

Groete.
Mevrou Strauss en Meneer De Villiers

# AKADEMIE

Framesby bied ‘n wye vakkeuse in graad 10 tot 12 aan, waar leerders enige drie vakke volgens hul belangstellings kan kies.

**Vakke in gr. 8 en 9:**
Afrikaans Huistaal
Wiskunde
Sosiale Wetenskappe
Digitale Tegnologie
Lewensoriëntering
English First Additional Language en Home Language
Natuurwetenskappe
Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
Skeppende Kunste

**Vakke gr. 10 tot 12:**

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal | English First Additional Language en Home Language |
| Wiskunde | Wiskundige Geletterdheid |
| Fisiese Wetenskappe | Lewenswetenskappe |
| Rekeningkunde | Besigheidstudies |
| Verbruikerstudies | Geografie |
| Toerisme | Inligtingstegnologie |
| Ingenieursgrafika en –Ontwerp | Dramatiese Kunste |
| Rekenaartoepassingstegnologie | Musiek |
| Lewensoriëntering | Landbouwetenskappe |
| Visuele Kunste | Geskiedenis |

Framesby se uitstekend opgeleide onderwysers streef daarna om leerders hul hul potensiaal te laat verwesenlik en is ware kenners op hul vakgebied. Met 'n leerdertal van 1269 het ons 61 onderrigpersoneel. Dit maak 'n goeie onderwyser-leerder-verhouding moontlik.

**Wolkskool**

Leerders moet ook op Wolkskool met hul eie e-pos adres en die skool se unieke kode registreer. Deur die loop van die jaar het hulle toegang tot video's en assesserings oor hul vakke. Elke leerder kan dit gebruik om ook op sy eie by die huis te werk. Dit bied waardevolle hulp aan leerders tydens afwesigheid en vir eksamenvoorbereiding. Wolkskool se kostes is deel van u skoolfonds.

**Wi-Fi Netwerk**

Alle leerders het vir opvoedkundige doeleindes toegang tot die Wi-Fi-netwerk van die skool.

**Robotika as buitemuurse aktiwiteit**

As die konstruksie en programmering van robotte vir jou idillies klink, is Hoërskool Framesby se Robotikaklub net die ding vir jou.

Hier leer ons om robotte te bou en te programmeer om alledaagse probleme op te los. Ons neem deel aan die First Lego League wat met plaaslike en nasionale rondtes begin. Daarna gaan die beste skoolspanne deur na die internasionale rondte. Robotika bied ook dan aan leerders die geleentheid om hul leierskapeienskappe op te skerp asook die vermoë om in 'n span saam te werk. Dinsdae 14:15 – 16:00

**Musiek**

Graad 8-leerders het die opsie om Musiek as byvak te kies. Musiek as byvak behels 'n praktiese sowel as teoretiese komponent. Leerders wat nie op hul aansoekvorm Musiek aangedui het nie en dit wel wil neem, kan 'n e-pos na kultuurhoof@framesby.co.za stuur. Ouers moet asseblief daarop let dat daar 'n kwartaallikse fooi betrokke is.

Teorie/vakwerk word tydens skoolure in klasgroepe gedoen. Die praktiese onderrig vind individueel plaas. Leerders kry een praktiese les per week, wat tydens skoolure en/of ná skool sal plaasvind. Leerders moet hul praktiese lesse by die onderwyser wat deur die skool gekontrakteer word, neem. Alle leerders moet hul eie instrument hê om op te oefen. 'n Beperkte aantal orkesinstrumente kan by die skool gehuur word. Leerders wat klavier of kitaar neem, moet hul eie instrument besit. Ouers moet eers seker maak dat hul kind vir Musiek gekeur word, voordat 'n instrument aangekoop word. Leerders wat sang wil neem, moet 'n oudisie aflê.

# KLEREDRAG : (SKOOLKLERE)

## A. KLEREDRAG DOGTERS

### SKOOLDRAG
Die leerder kan ‘n keuse uitoefen, maar dit is ‘n volledige informele of formele stel, tensy anders voorgeskryf vir ‘n bepaalde geleentheid.

**Informeel:**
1. Rok (donkerblou): soomlyn 15 cm van die grond wanneer dogter kniel.
2. Kort wit sokkies.
3. Swart toerygskoene of met ‘n bandjie oor die voet. (L.W. skoolskoen, nie modeskoene, suede- of seilskoene nie).
4. Wit kortmou oopknoophemp.
5. Kleurbaadjie met ‘n wapen - geen truie nie.
6. Oortrektrui mag wel sonder baadjie gedra word.
7. Skoolserp mag nie saam met somersdrag gedra word nie.

**Formeel:**
1. Kleurbaadjie met wapen.
2. Rok (donkerblou-dieselfde as somersdrag) / Grys langbroek met ‘n trui & baadjie.
3. Wit boordjiehemp met baadjie.
4. Skooldas.
5. Swart skoene dieselfde as vir die somer.
6. Skooltrui en oortrektrui slegs onder die kleurbaadjie.
7. Driekwart grys sokkies met skoolkleure OF voorgeskrewe sykouse (Graad 8-11: opaque) (Graad 12-Blackmail).
8. Reënbaadjie kan slegs gedra word wanneer dit reën, skoolbaadjie moet onder reënbaadjie gedra word.
9. Half-erekleure: Erekleure das en kleurbaadjie.
10. Erekleure: Erekleure das en erekleurebaadjie.

### SPORTDRAG
By alle amptelike sportgeleenthede word van leerlinge verwag om ‘n Framesby-sweetpak / sweetpakbroek met reënbaadjie of hulle skoolklere te dra.
Alle sportdrag is by die klereverskaffer beskikbaar. Swem leerders kan ‘n navy swembroek van keuse koop, behalwe vir swemkappie wat by klereverskaffer beskikbaar is.

## B. KLEREDRAG SEUNS

### SKOOLDRAG
Die leerder kan ‘n keuse uitoefen, maar dit is ‘n volledige informele of formele stel, tensy anders vir ‘n bepaalde geleentheid voorgeskryf.

**Informeel:**
1. Kortmouhemp met sakwapen (geen T-hemp onder die skoolhemp nie).
2. Kort of lang grys broek.
3. Slegs effekleurige grys sokkies by langbroek of skoolkouse by kortbroek (geen prentjiekouse of wit kouse)
4. Swart toerygskoene (geen gespe-skoen nie).
5. Oortrektrui mag wel sonder baadjie gedra word.

**Formeel**
1. Wit hemp met boordjie (T-hemp met ‘n motief op mag nie onder die skoolhemp gedra word nie).

2. Skooldas.
3. Kort of lang grys broek.
4. Slegs ‘n langbroek tydens volgende geleenthede: MB-inhuldiging, Prysuitdeling, Sport- en Kultuuraand, Merietediplomaplegtigheid en Foto-dae
5. Kleurbaadjie met skooldas.
6. Skooltrui en oortrektrui slegs onder die kleurbaadjie.
7. Grys sokkies by langbroek.
8. Swart toerygskoene (geen gespe-skoen nie).
9. Reënbaadjie kan slegs gedra word wanneer dit reën. Skoolbaadjie moet onder reënbaadjie gedra word.
10. Half-erekleure: Erekleure das en kleurbaadjie.
11. Erekleure: Erekleure das en erekleurebaadjie.

**SPORTDRAG**

By alle amptelike sportgeleenthede word van leerlinge verwag om ‘n Framesby-sweetpak / sweetpakbroek met reënbaadjie of hulle skoolklere te dra.
Alle sportdrag is by die klereverskaffer beskikbaar. Swemleerders kan ‘n navy swembroek van keuse koop, behalwe vir swemkappie wat by klereverskaffer beskikbaar is.

**DRAG VAN ONDERSTEUNERS**

Leerders moet informele of formele skooldrag dra wanneer ondersteun. Geen civvies word tydens die sportdag toegelaat nie.

Klereverskaffer: Birch’s

## DOGTERS

**FORMEEL**



**FORMEEL**



**INFORMEEL**



**INFORMEEL**



## SEUNS

**FORMEEL**



**FORMEEL**




**INFORMEEL**



**INFORMEEL**



# KLEREVERSKAFFER



# SPORTKANTOOR












# GRAAD 8-INBURGERING

## RIGLYNE VIR DIE INBURGERING VAN GRAAD 8 – LEERDERS

Daar is duidelike riglyne wat in die SKOLEWET aangaande die inburgering van graad 8-leerders gepubliseer is. Die skool ondersteun hierdie wette en geen leerder sal tydens die ontvangs- en bekendstellingsprogram blootgestel word aan enige vorm van vernedering of fisiese aanranding nie.

Die ontvangs- en bekendstellingsprogram lê veral klem daarop om die graad 8-leerders die skool se tradisies en waardes te leer en om hulle so gou as moontlik deel van die skool te maak. Die graad 8–oriënteringsnaweek sal veral fokus om spanwerk, sowel as skooltrots, te bevorder.

Tydens die ontvangs- en bekendstellingsprogram sal die volgende riglyne gevolg word:

1. Slegs MB-lede sal opdragte aan graad 8-leerders kan gee.
2. Geen leerder sal tydens klastyd aan die program deelneem nie.
3. Geen leerder sal fisies aangerand of afgeknou word nie.
4. Geen leerder sal individueel uitgesonder word nie.
5. Geen leerder sal enige vreemde eetgoed gegee word om te eet nie.
6. Geen leerder sal blootgestel word aan enige aksie wat seksueel van aard is nie.

Daar word die volgende van alle graad 8-leerders verwag:

1. Alle personeel, MB-lede en medeskoliere met respek te behandel.
2. Die skool se waardes uit te leef en te respekteer.
3. Om so gou as moontlik by die skool se aktiwiteite in te skakel.
4. Om ten minste aan een somersport en een wintersport sowel as ‘n kultuuraktiwiteit deel te neem.
5. Om tydens én na sportbyeenkomste of skoolaktiwiteite die skoolterrein op te ruim.
6. Nooit ‘n verleentheid vir die skool te wees nie.

**PROGRAM : Oriënteringsnaweek (16-17 Januarie)**
Leerders sal op 14 Januarie ’n volledige program asook die lys van benodigdhede ontvang.

**NEEM KENNIS**
Alle graad 8-leerders sal op 12 Januarie ‘n Basislynassessering (vir Afrikaans en Wiskunde) aflê. Hierdie asseserings sal deur ‘n buite instansie, die SOS, behartig word. **Dit is verpligtend.**

Na afloop van die bogenoemde assesserings sal die leerders wat op hul aansoekvorms aangedui het dat hulle Engels Huistaal gaan neem, ‘n interne aanbevelingstoets skryf.

Op 13 Januarie sal die graad 8-leerders almal ook vaardigheidstoetse aflê, wat ook deur die SOS-instansie behartig word.

**KOMMUNIKASIE**

Enige relevante/belangrike inligting word na die selfoonnommers wat u in die aansoekvorm ingevul het, gestuur. Indien hierdie nommers intussen verander het, stel asseblief die skool so spoedig moontlik in kennis - inligting@framesby.co.za

# ENGLISH HOME LANGUAGE

Dear Prospective Hoërskool Framesby Parents

Please take note of the following regarding Eng
lish Home Language and English First Additional Language that are offered by the school.

You will be required to select between the two subjects. Please ensure you understand the selection you are making with your child.

Please consider the following when making the decision:

- Whether or not your child is currently taking HL in grade 7.
- Whether or not your child will cope with the demands of taking two subjects at HL level.
- Whether your child will be happy and will be able to cope.
- Learners who select HL will write a test at the beginning of the year. Based on the results, the subject heads will make recommendations and contact parents. This is done to ascertain whether or not learners will cope with HL.
- There are only two HL classes, therefore space is limited.
- There is a difference between the two subjects and the level of proficiency required for each differs.

Differences between the two:

FAL is designed for learners that do not speak English as their first language. It focuses on developing skills like reading, writing and speaking which will assist learners to communicate effectively in English. FAL provides learners with all the necessary skills to communicate and write adequately in English. The curriculum for FAL is designed to help learners progress from basic English skills to more advanced skills.

HL is aimed at learners who speak English as their first language. The focus is more on developing advanced language skills which includes literary analysis, critical thinking and creative writing. HL has a higher difficulty level and the curriculum is more extensive. There is more focus on literature and the analysis of it.

We ask that you carefully consider the above when making the choice.

Kindest regards

Hoërskool Framesby English HODs

# DIE KOSBLIK









# FRAMESBY BUSDIENS

**Roetes en tye:**

**Uitenhage**
Die optelpunt is soggens om 06:05 by Pick 'n Pay Uitenhage en leerders sal by Engen-vulstasie op die hoek van Graaff-Reinette en Penfordlaan afgelaai word.

**Despatch**
Die optelpunt sal omstreeks om 06:10 op die publieke spasie by Dagbreekstraat 34-26 wees. Die aflaai van leerders sal by Pick 'n Pay Despatch wees.

**Algemeen:**
Die bus sal dan tussen 06:45 – 06:50 by Hoërskool Framesby arriveer.
Die tye vir die middag word op 'n daaglikse basis afhangende van al die leerders se aktiwiteite bepaal. Dit word dan so ook op die groepe gekommunikeer.
Indien wedstryde/oefeninge/aktiwiteite na 18:00 plaasvind, moet ouers eie vervoer reël.

**Kostes:**
Die kostes beloop R1200 per maand vir 10 maande.



# SPORTROOSTER 2026

**1STE EN 4DE KWARTAAL**

**MAANDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Krieket 0/19 A | Nette | 14:30 – 16:30 |
| Krieket 0/14 B&C | Nette | 14:30 – 16:45 |
| Krieket 0/15 B&C | Nette | 14:30 – 16:45 |
| Dogterskrieket | Veld/Nette | 14:30 – 16:00 |
| Muurbal | Londt Park | 15:00 – 16:45 |
| Tennis-oggend | Skool | 06:00 – 07:00 |
| Tennis-middag | Skool | 14:30 – 15:30 |
| Rugby Oefengroepe | Veld | 16:00 – 18:00 |
| Hokkie S&D- Oefengroepe | Astro | 16:00 – 19:00 |
| Bergfiets | | 16:30 – 18:00 |
| Gholf | Baan | 14:30 – 17:00 |
| Netbal Oefengroepe | Bane | 16:00 – 18:00 |
| Skaak | | 14:30 – 15:30 |

**DINSDAG:**

| **AKTIWITEIT/SPAN:** | **PLEK:** | **TYD:** |
|---|---|---|
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Krieket 0/19 C&D | Nette en veld | 14:30 – 16:45 |
| Krieket 0/15 B | Nette en veld | 14:30 – 16:45 |
| Tennis-middag | Skool | 17:00 – 18:00 |
| Swem | Newtonpark | 14:45 – 16:30 |
| Rugby Oefengroepe | Veld | 16:00 – 18:00 |
| Hokkie S&D- Oefengroepe | Astro | 16:00 – 19:00 |
| Netbal Oefengroepe | Bane | 16:00 – 18:00 |

**WOENSDAG:**

| **AKTIWITEIT/SPAN:** | **PLEK:** | **TYD:** |
|---|---|---|
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Krieket 0/19 A&B | Veld | 15:30 – 17:00 |
| Krieket 0/14 A | Nette | 15:30 – 17:00 |
| Krieket 0/15 A | Nette | 15:30 – 17:00 |
| Tennis oggend | Skool | 06:00 – 07:00 |
| Tennis-middag | Skool | 14:30 – 15:30 |
| Muurbal | Londt Park | 15:00 – 16:45 |
| Bergfiets | | 16:30 – 18:00 |
| Hokkie oefengroepe | Astro | 16:00 – 19:00 |
| Gholf | Baan | 15:30 – 17:00 |
| Skaak | | 15:30 – 16:30 |
| Netbal individuele- en groepsessies | Bane | 15:15 – 17:30 |
| Dogterskrieket veldsessies | Veld | 15:15 – 16:00 |
| Rugby posisie spesifieke oefeninge | | 16:00 – 17:00 |

**DONDERDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Krieket 0/19 A&B | Nette | 14:30 – 16:00 |
| Krieket 0/14 A&B | Veld en Nette | 14:30 – 16:00 |
| Krieket 0/15 A | Veld | 14:30 – 16:00 |
| Tennis-middag | Skool | 17:30 – 18:30 |
| Netbal Oefengroepe | Bane | 16:00 – 18:00 |
| Hokkie Oefengroepe | Astro | 16:00 – 19:00 |
| Rugby Oefengroepe | Veld | 16:00 – 18:00 |
| Swem | Newtonpark | 14:45 – 16:30 |

**VRYDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Tennis-middag | Skool | 14:30 – 15:15 |
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |

*Op Woensdae het Kultuur voorkeur vanaf 14:00 – 15:15 bo enige ander item.

---

**2de & 3de Kwartaal**

**MAANDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Hokkie S&D | Astro | 14:30 – 19:30 |
| Landloop | Skool | 14:20 – 16:30 |
| Muurbal | Londt Park | 15:00 – 16:45 |
| Gholf | Baan | 14:30 – 17:00 |
| Rugby 1ste en 2de | A-veld | 15:00 – 17:00 |
| Rugby 0/14 – 0/16 | B&C – veld | 14:30 – 16:00 |
| Tennis Groep 1 (Span 1-3) | Skool | 14:30 – 15:30 |
| Netbal (seniors 0/16-0/19) | Bane | 16:00 – 17:30 |
| Netbal (juniors 0/14-0/15) | Bane | 14:30 – 16:00 |
| Atletiek | Skool | 14:20 – 16:00 |

**DINSDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Hokkie S&D | Astro | 14:30 – 19:30 |
| Landloop | Skool | 14:20 – 16:30 |
| Rugby 1ste en 2de | A-veld | 15:00 – 17:00 |
| Rugby 3de en 4de | A-veld | 15:30 – 17:00 |
| Rugby 0/16 | B-veld | 14:30 – 16:00 |
| Rugby 0/14 – 0/15 | B&C – veld | 15:30 – 17:00 |
| Tennis Almal | Skool | 17:00 – 18:00 |
| Netbal (seniors 0/16-0/19) | Bane | 16:00 – 17:30 |
| Netbal (juniors 0/14-0/15) | Bane | 14:30 – 16:00 |
| Swem | Newtonpark | 14:45 – 16:30 |
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |

**WOENSDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Atletiek | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Hokkie S&D | Astro | 15:30 – 20:00 |
| Muurbal | Londt Park | 15:00 – 16:45 |
| Skaak | Skool | 15:30 – 16:30 |

| | | |
|---|---|---|
| Tennis Groep 1 ( Span 1-3 ) | Skool | 14:30 – 15:30 |
| Landloopwedloop | | 15:30 – 17:00 |
| Netbal (juniors en seniors) | Baan | 15:15 – 18:00 - Sessies sal gekommunikeer word |
| Gholf | Baan | 15:30 – 17:00 |
| Rugby 1stes en 2des | A-veld | 15:15 – 17:00 - Sessies sal gekommunikeer word |

**DONDERDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Hokkie S&D | Astro | 14:30 – 19:30 |
| Landloop | Skool | 14:20 – 16:30 |
| Rugby 1ste en 2de | A-veld | 15:00 – 17:00 |
| Rugby 3de en 4de | A-veld | 15:30 – 17:00 |
| Rugby 0/16 | B-veld | 15:30 – 17:00 |
| Rugby 0/14 – 0/15 | B&C – veld | 14:30 – 16:00 |
| Tennis Almal | Skool | 17:30 – 18:30 |
| Netbal (seniors 0/16-0/19) | Bane | 16:00 – 17:30 |
| Netbal (juniors 0/14-0/15) | Bane | 14:30 – 16:00 |
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Swem | Newtonpark | 14:45 – 16:30 |

**VRYDAG:**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Vrydagaand onder ligte (seuns hokkiewedstryde) | Astro | 16:00 – 20:00 |
| Tennis | Skool | 14:30 – 15:30 |
| Atletiek Almal | Skool | 14:20 – 16:00 |
| Landloop | Skool | 14:20 – 15:30 |

* Op Dinsdae kry akademiese ekstra klasse (graad 8-9) voorkeur.
* Op Woensdae het Kultuur voorkeur vanaf 14:00 – 15:15 bo enige ander aktiwiteit.
* Atletiek en krieket (seuns en dogters) is ondergeskik aan rugby-, netbal- en hokkieoefeninge.
* Krieket (seuns en dogters) Individuele- en groepsessies - Sessies sal gekommunikeer word.

# KULTUURROOSTER 2026

**Maandag**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Mediaprefekte | Mediasentrum | 14:15 – 15:15 |
| Fantasia (Koor) stemgroepe | Musiekklas | 14:15 – 15:00 |
| FRUK (Toneel) | Saal | 14:15 – 16:00 |
| Klank en Beligtingsklub | Saal | 16:00 – 17:00 |

**Dinsdag**

| AKTIWITEIT/SPAN: | PLEK: | TYD: |
|---|---|---|
| Mediaprefekte | Mediasentrum | 14:15 – 15:15 |
| Steelband | Pan-Studio | 14:15 – 15:30 |
| Flinkdinkers | Mediasentrum | 14:15 – 15:15 |
| FORUM | Klaskamer | 14:15 – 15:15 |
| FRUK | Saal | 14:15 – 16:30 |
| Forte (Orkes) | Saal | 17:30 – 19:00 |
| Fantasia (Koor) stemgroepe | Musiekklas | 14:15 – 15:00 |

**WOENSDAG**
**Kultuurgleuf 14:15 – 15:15**

| AKTIWITEIT | PLEK | TYD |
|---|---|---|
| Fantasia | Saal | 14:15 – 15:15 |
| Kunsklub | Kamer 1 | 14:15 – 15:15 |
| Craftklub | B4 | 14:15 – 15:15 |
| Robotikaklub | Kamer 21 | 14:15 – 15:15 |
| Mediaprefekte | Mediasentrum | 14:15 – 15:15 |
| FRUK | Kultuursaal | 14:15 – 15:15 |
| ATKV-Sweepslag | Kamer 5 | 14:15 – 15:15 |
| Fotografieklub | Klas | 14:15 – 15:15 |
| Cheerleaders | A-veld | 15:00 – 16:30 |
| Framesby-mense (K1 en K2) | Die Kosblik | 14:15 – 15:15 |
| Dansklub | Saal | 17:00 – 19:00 |
| Debatklub | Kultuursaal | 18:30 – 20:00 |

**DONDERDAG**

| AKTIWITEIT | PLEK | TYD |
|---|---|---|
| Steelband | Pan-Studio | 06:30 – 07:30 |
| Fantasia (Koor) | Kultuursaal | 14:15 – 15:00 |
| FRUK | Saal | 15:30 – 16:30 |
| Mediaprefekte | Mediasentrum | 14:15 – 15:15 |
| Toast Masters | Kamer 6 | 14:15 – 16:15 |
| Redenaarsklub | | 17:30 – 19:00 |
| Forte | Saal | 17:30 – 19:00 |

**VRYDAG**

| AKTIWITEIT | PLEK | TYD |
|---|---|---|
| CSV | Kultuuraal | Eerste pouse |
| Filantrope | | 14:15 – 16:00 |
| Landsdiens | Kamer 11 | 14:15 – 17:00 |
| Cheerleaders | A-veld | 14:15 – 15:00 |
| Steelband | Pan-Studio | 06:30 – 07:30 |

* FRUK (ekstra repetisies) sal gereël word soos benodig:

| | | |
|---|---|---|
| Maandae: | Saal | 18:00 – 20:00 |
| Woensdae: | Saal | 15:30 – 16:30 |
| Donderdae | Saal | 19:00 – 20:00 |

* Debat (ekstra gleuf soos benodig): Dinsdae Kultuursaal 18:30 – 20:00

## FORTE ORKES

Leerders wat deel van die orkes wil wees, moet daarop let dat Musiek as vak in graad 8 en 9 verpligtend vir orkeslede is. Enige musiekleerder wat 'n orkes-instrument speel en ten minste op graad 2 standaard is, is welkom om 'n oudisie vir die orkes af te lê. Vir meer inligting e-pos kultuurhoof@framesby.co.za

## FANTASIA 2026

Wil jy graag deel wees van n opwindende koor met ongelooflike lekker liedere wat wag? Oudisies begin reeds einde November. Spesifieke datums sal vir die oudisies deurgegee word. E-pos die volgende inligting na die dirigent, me. J.Loots by jloots68@gmail.com

Naam en Van

Skool

Was jy Vanaf Graad 5-7 by 'n Koor/OP-Koor betrokke?

## FRUK 2026

FRUK is Framesby se Raad vir Uitvoerende Kunste of die dramaklub. In 2023 het ons die musiekblyspel, Sneeuwitjie van Winterville opgevoer en in 2025 fokus ons weer op ons eenbedrywe waarmee ons aan verskeie kompetisies deelneem. Oudisies vind vroeg in 2026 plaas en ons keur net soveel leerders as wat ons in ons produksies kan gebruik. Ons skryf ook ons akteurs vir individuele kompetisies soos die landswye Proscenium toneelkompetisie in. Leerders wat hierin belangstel, kan solank op die webtuiste www.proscenium.pro na die vereistes gaan kyk. Die sluitingsdatum vir inskrywings is einde Januarie en leerders moet reeds in die vakansie na tekste begin soek. Belangstellendes kan me. I. Adendorff by ielene20@icloud.com kontak. Verder moedig ons ook leerders aan wat daaraan dink om Dramatiese Kunste vanaf graad 10 as vak te neem om deel van FRUK te word.

## KUNSKLUB 2026

Hou jy daarvan om kreatief te wees en iets met jou hande te skep? Of 'n verskeidenheid kunstegnieke te leer en jou eie kunswerke en handwerkprojekte te maak? Dan is hierdie die klub vir jou! Ons kom Woensdae bymekaar en kry een keer 'n kwartaal 'n kunstenaar van buite vir demonstrasies in 'n verskeidenheid van materiale en tegnieke.

## STEELBAND 2026

Ons skool se steelband bestaan uit twee spanne wat gereeld by markte, skool- en sportfunksies optree. Hulle bring 'n vrolike mengsel van tradisionele en moderne musiek. As jy van musiek hou, kom sluit aan en wys jou talent.

## DANSKLUB 2026

KOM DANS KLARADYN!

Kom, skop jou skoene, plakkies, sandale uit en kom dans saam op Woensdae vanaf 17:00. By ons dansskool, Dare2Dance, leer ons jou verskeie lyndanse, Foxtrot, Latin American, Walz, en nog vele meer.

Koste: R750 vir die jaar

Danseksamen: Pre-brons, brons, silwer en goud. Na die eksamen ontvang jy jou balkie wat jy dan met trots op jou baadjie kan dra. Kom dans en geniet die pret saam met Framesby se Dare2Dance-groep! Kontakpersoon by skool: Me D. Roberts (Kamer 22)

## VCSV

Ons skool se VCSV bied 'n geleentheid om God se woord te leer ken, saam te bid en deel van 'n gemeenskap van vriende te wees. Elke Vrydag tydens pouse in die Kultuursaal. Ons bied ook gereeld 'n Koffiekroeg aan - waar ons lekker gesels en in ons geloof versterk.

Pickwick Books & Stationers

20 5de Laan, Walmer | 041-581 6016 | pickwickorders1@gmail.com

# Hoërskool Framesby
## Handboeke 2026 - Graad 8

Pickwick Boeke het met Hoërskool Framesby ooreengekom om **nuwe handboeke** by die skool te verkoop vir volgende jaar op die volgende tye:

**Plek: Kultuursaal**

**25 November 2025 - Graad 8 - 10:00-17:00**

Pickwick Boeke se voorraadhouding sal gebaseer word op hierdie opname/bestelvorm. Stuur asseblief die voltooide bestelvorm na die skool (Framesby) voor of op **24 Oktober 2025** terug.

Leerder se Naam en Van: ______________________________________________

| Kode: | Titel: | Prys: | Keuse: |
|---|---|---|---|
| 9780620325837 | English Handbook & Study Guide (FAL) (to be acquired by Gr10) | R 327.00 | - |
| 9781920391379 | Interactive English First Additional Language Gr8 L/B NUUT | R 183.00 | - |
| 9781776073214 | Afrikaans: Gee Afrikaans 'n Kishou in die eksamen Gr8 NUUT | R 259.00 | |
| 9781920391508 | Interactive English Home Language Gr8 L/B | R 183.00 | |
| 9780199049523 | Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskap Gr8 L/B (2de Hands) | R 214.00 | |
| 9780994664099 | Besigheidstudies - Consumo Gr8 Werkboek NUUT | R 252.00 | |
| 9780992215613 | Accobility Finansiële Geletterdheid Gr8 (Pienk Boek) NUUT | R 161.00 | |
| 9780639941226 | Digital Technology Gr8 L/B (English) | R 152.00 | |
| | **Totaal:** | R | |

**Musiek leerlinge reël met musiek onderwyser.**

Handtekening van ouer/voog: ________________________________
Datum:____________________
Naam van ouer in drukskrif:_________________________________
Kontak Nr :______________________

**Betaling geskied op die dag van die verkoping, 25 November 2025 per kredietkaart of kontant.**

**Geen betalings moet aan die skool gemaak word nie.**

PICKWICK BOOKS
For Your Future

# Pickwick Books & Stationers

20 5de Laan, Walmer | 041-581 6016 | pickwickorders1@gmail.com

## Hoërskool Framesby
## Graad 8 Skryfbehoeftes 2026

Leerder se Naam en Van: ________________________________________

| Vak: | Benodigdhede: |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 3 x A4 Hardebandboeke 2 Quire 192p |
| | 1 x Skryfblok |
| | 1 x Flip File 20p |
| Engels HL (Home Language) | 1 x Flip File 20p |
| | 3 x A4 Hardebandboeke 1 Quire 96p |
| Engels FAL (First Additiona | 1 x Flip File 20p |
| | 3 x A4 Hardebandboeke 1 Quire 96p |
| Wiskunde | 1 x A4 Hardebandboeke 3 Quire 288p |
| | 1 x Sakrekenaar Casio FX82ZA Plus 2 |
| Fisiese Wetenskap | 1 x A4 Sagtebandboeke 72p F/M |
| Lewenswetenskappe | 1 x A4 Sagtebandboeke 72p F/M |
| | 1 x Gradeboog 15cm 360° |
| | 1 x Passer |
| EBW | 1 x A4 Sagtebandboeke 72p F/M |
| Skeppende Kunste | 1 x Flip File 10p |
| | 1 x Inkleurpotlode 24's (I-Write) |
| Lewensoriëntering | Geen |
| Leesprogram | 1 x A4 Sagtebandboeke 72p F/M |
| Digitale Tegnologie | 1 x A4 Sagtebandboeke 72p F/M |
| | Flashdrive 32GB |
| Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis) | 1 x A4 Sagtebandboeke 72p F/M |
| Sosiale Wetenskappe (Geografie) | Geen |
| Algemene Skryfbehoeftes: | 6 x Blou Penne (I-Write) |
| | 2 x HB Potlode (I-Write) |
| | 1 x Liniaal |
| | 1x Uitveër (Staedtler) |
| | 1 x Pritt 43g |
| | 1 x Deurskynende Potloodsakkie |
| | 1 x Skerpmaker 1-Hole (Nexx) |
| | 1 x Krammetjiemasjien met Krammetjies (Genmes) |

**Opsie 1 - Totale Pakket - R900.00** ☐

**Opsie 2 - Pakket sonder sakrekenaar - R562.00** ☐

**Stuur asseblief die voltooide bestelvorm terug na die skool (Framesby) voor of op 24 Oktober 2025.**

**Skryfbehoefte pakkette sal die dag van die verkoping beskikbaar wees.**

# GRAADFOOIE

Die betalings kan soos volg geskied:
(a) EFO - betalings
(b) Debiet-/Kredietkaart by skool
(c) Kontant by die Algemene Kantoor

BAIE BELANGRIK: Die unieke toelatingsnommer wat aan elke leerder toegeken is, (by Algemene Kantoor beskikbaar) moet te alle tye as verwysing gebruik word – BY ADDISIONELE FONDSE MOET 'N "A" VOOR DIE REKENINGNOMMER GEPLAAS WORD.

Die skool se bankbesonderhede is soos volg:

| | |
|---|---|
| Naam van rekening: | Hoërskool Framesby |
| Bank: | Standard Bank |
| Takkode: | 051001 |
| Rek. No.: | 080 344 887 |

Verwysing vir betaling van Addisionele Fooie:
Leerling se toelatingsnommer (bv. A0007)
2 of meer kinders beide se toelatingsnommer (bv. A0007, A9999)

**ADDISIONELE FOOIE IS SOOS VOLG:**

GRAAD 8
'n Eenmalige graadfooi van R1575.00 per jaar per leerder is teen 31 Januarie 2026 betaalbaar.

Hierdie bedrag sluit in:
Afgerolde notas, gebruik van die WI-FI netwerk (slegs by die skool beskikbaar), toegang tot Wolkskool en toegang tot Die Kosblik.


Ook hierby ingesluit, is die volgende werkboeke wat leerders sal ontvang : (leerder ontvang boeke by die skool). Dit bly egter die eiendom van die leerder.

| | |
|---|---|
| Natuurwetenskappe: | (FW) Werkboeke 1 & 2 |
| | (LW) Werkboek |
| Sosiale Wetenskappe: | (Geskiedenis) Werkboeke 1 & 2 |
| | (Geografie) Werkboeke 1 & 2 |
| Framesby Wiskunde: | Werkboeke (boek 1 & 2) |
| Lewensoriëntering: | Werkboek |


Uitgesluit: Pickwick-handboeklys, skryfbehoeftelys, musiekgeld word apart op addisionele rekening, toergelde en enige verdere addisionele kostes wat deur die jaar kan voorkom, gehef.

Inskrywingsgeld van 'n R1000.00 sluit die volgende in:
inburgering (Oriëntering), jaarbeplanner, fotojaarblad, Trots Framesby-wapen en die naambalkie.

# KAART: GRONDVLOER



# KAART: EERSTE VLOER



# PERSONEEL - BESTUUR



M. GERMISHUYS
Skoolhoof



C. VAN NIEKERK
Adjunkhoof



L. GERBER
Finansiële hoof
Adjunkhoof



K. DE VILLIERS
Interne adjunkhoof



C. LOFTUS
Akademiese hoof
Departementshoof



R. HAMILTON
Departementshoof



M. DE JAGER
Departementshoof



L. VAN HUYSSTEEN
Departementshoof



H. STRAUSS
Departementshoof



P. BOSCH
Departementshoof

# PERSONEEL - KULTUUR



C. Coetzer
Kultuurhoof

# PERSONEEL - BYSTAND



C. GARBERS
Departementele skakel
Bemarking



M. SNETLER
Bemarkingshoof



M. WAIT
Sekretaresse



C. BOTHA
Sekretaresse



G. BEETGE
Kameras



R. TERBLANCHE
Finansies



A. GERMISHUYS
Finansies



A. GORGENS
Afrolkamer



C. VAN NIERKERK
Leessentrum



Y. FOURIE
Trustbeampte

# PERSONEEL - SPORT



C. BEETGE
Sport- en netbalhoof



W. DE LANGE
Atletiekhoof



R. DE VILLIERS
Junior Rugbyhoof



J. DRURY
Hokkie



R. VAN SITTERT
Krieket en hokkie



A. FERREIRA
Binneshuise krieketbestuurder



J. MEYER
Rugby



J. VD WALT
Administratiewe Sportbeampte



J. MEYER
Krieket en rugby



S. WILLEMSE
Rugby

# PERSONEEL - AKADEMIE



I. ADENDORFF



A. ALBERTS



R. ALLERS



K. ASPELING



L. BARKHUYSEN



D. BARNARD



R. BOTHA



R. BRITS


S. COLTMAN


M. CRONJE


J. DE JAGER


C. DE WITT


E. ENGELBRECHT


A. FERREIRA


J. FOURIE


A. GOOSEN


S. HAVENGA


E. ITTERSHAGEN-STRAUSS


B. J.V. RENSBURG


B. J.V. RENSBURG


M. J.V. RENSBURG


E. JONKER


A. JURIES


S. KNOETZE


J. LOOTS


I. LOUW


K. MCGEAR


Y. MORGAN



M. MOSS



V. MULLER



T. NELL



E. NELMAPIUS



I. OOSTHUIZEN



N. POTGIETER



D. ROBERTS



M. SAAYMAN



M. SNYDERS



S. VAN EYK



T. VAN RENSURG



L. VAN ROOYEN



C. VAN SITTERT



R. VAN ZYL



M. VOIGHT



L. VOS



C. VOSLOO - POTGIETER


| | | |
|---|---|---|
| **Skoolhoof** | Mnr. Germishuys | - mgermishuys@hotmail.com |
| **Graadhoofde** | Mev. H. Strauss | - hstrauss.framesby@gmail.com |
| | Mnr. K. de Villiers | - konraddevilliers@gmail.com |





# KONDISIONERINGSENTRUM

Framesby spog met ‘n moderne kondisioneringsentrum. Leerders het hier van die beste toerusting tot hul beskikking en kan soggens voor én na skool in groepsverband van die sentrum gebruik maak. Framesby spog ook met ‘n voltydse fisioterapeut en twee biokenitici wat verseker dat ons leerders net die beste hulp en advies tydens sessies ontvang.







# Nooit ‘n vervelige oomblik by Framesby nie...
































# ONS PRESTEER NASIONAAL!

## O.14A-NETBALSPAN



**15DE IN SA!**

## O.15A-NETBALSPAN



**17DE IN SA!**

## O.16A-NETBALSPAN



**19DE IN SA!**

## O.17A-NETBALSPAN



**14DE IN SA!**

## O.19A-NETBALSPAN



**6DE IN SA!**